BOSVELD Halleluja

# Wat is geloof?

**MAANDAG:** Lees Hebreërs 11:1-3. **Wat is jou idee/definisie van geloof?** Dink bietjie na daaroor. Jy hoef nie te soek vir die 'regte' antwoord of die 'antwoord wat die dominee graag wil hoor' nie. Wat dink JY? En onthou dit is wat jy nou dink. Soos wat jy groei in jou verhouding met die Here gaan hierdie idees van jou verander en meer lyf kry, of dalk nie verander nie en net sterker en duideliker word. Maar skryf jou gedagtes neer. Dit sal interessant wees om later in jou lewe weer daarna te kyk en te vergelyk hoe jou denke oor geloof gevorm word. Jy hoef dit nie eers nou met iemand te deel nie, maar as jy wil gesels met 'n pel of met jou ouers en hoor wat hulle dink. Die teks wat jy vandag gelees het praat baie van die dinge wat ons nie kan sien nie. Hoe voel jy daaroor? Is dit iets wat geloof vir jou persoonlik moeilik maak, of dit juis vir jou goed dat daar 'n bietjie van 'n mystery is? Al kan ons nie die Here nou sien soos wat ons mekaar sien en die sigbare goeters rondom ons sien nie, is Hy konstant besig om Homself op verskillende maniere aan ons te openbaar, sigbaar betrokke in ons lewens.

**Gebed:** Maak tyd om met die Here te praat vandag. Praat met Hom ook oor jou idee van geloof. Vertel vir Hom wat dit is wat dit soms vir jou moeilik maak om te glo.

**DINSDAG:** Lees Matteus 17:19-20. **Dink jy soms jy glo te min of jou geloof is te klein?** Natuurlik is dit moontlik om iemand, enige iemand, minder of meer te vertrou. Dat jy net 'n sekere persentasie seker is dat die persoon die waarheid praat of sal doen wat hy sê. Geloof in die Here werk egter so bietjie anders, omdat dit nie gaan oor hoeVEEL ek glo nie, maar oor DAT ek glo. Die resultate is nie afhanklik van of ek hard genoeg geglo het iets is moontlik nie, dit gaan eerder oor God en oor sy Wil. God is sterk al is my geloof swak. Die feit dat ek in Hom glo en Hom vertrou ongeag van die uitkoms, dat ek oorgee aan Hom, beteken dat ek nog steeds in sy Hand is, nog steeds wag op sy antwoord, nog steeds van Hom alleen afhanklik is – al werk dinge nie altyd uit soos, en wanneer ek wil nie. Die Here Jesus is eintlik hier in Matteus besig om op 'n fyn manier vir die dissipels te sê, nie dat hulle te min geglo het nie, maar dat hulle glad nie geglo het nie. Ons kry baie keer die idee dat ons moet harder/groter/perfek glo vir dinge om te gebeur. Maar God het die mag. Ons kan Hom vertrou, soos wat Hy sê ons kan. Hy is GROOT en daarom kan ons geloof ook maar klein wees. Hy ken ons harte.

**Gebed:** Praat met die Here oor daai een ding wat jy graag wil sien gebeur, maar jy nog altyd gevoel het, jy te min geloof voor het. Vra Hom om jou daarmee te help.

**WOENSDAG:** Lees Matteus 8:23-27**. Watter rol speel geloof in jou lewe in stresvolle situasies?** Die dissipels bevind hulleself in 'n storm op die see, in 'n klein bootjie. En hulle vrees vir hulle lewens. Die Here Jesus is egter saam met hulle in die boot, saam met hulle binne-in die storm. Daarom dat Hy hulle aanspreek oor hulle geloof, want Hy is dan by hulle en dit moet vir hulle genoeg wees! Weer sien ons dat Hy met hulle praat oor hulle 'kleingelowigheid'. Die Griekse woord hier (en in Matt 17) gaan oor om onwillig/traag te wees om na die Here se stem te luister, om te HOOR wat Hy sê. Om die Here te vertrou in die storm, om Hom te glo, om vas te hou aan Hom, beteken nie dat ons nie gaan skrik vir die golwe en die wind en die weerlig nie, maar dat ons ten spyte van die storm kan rustig wees, omdat ons weet die Here is by ons.

**Gebed:** Praat met die Here oor jou huidige storm. Wat is dit wat jou op die oomblik die bangste maak.

Psalm 96:12
die veld en alles daarop moet jubel,
al die bome in die bos moet hulle verheug
voor die HERE

**DONDERDAG:** Lees 1 Samuel 17:43-50. **Wat dink jy het gemaak dat Dawid bereid was om teen Goliat te gaan veg?**

Ons sien baie keer net hierdie deel van die verhaal. Ons sien die resultaat – die reus lê op sy neus! Ons sien Dawid se geloof dat die Here hom sal beskerm teen Goliat, maar ons vergeet hoe Dawid by hierdie punt uitgekom het. Hy sê dit self. Hy verwys terug na die vorige kere wat die Here hom gered het van die leeu en die beer. Gaan lees maar Dawid se psalms en die res van Dawid se geloofsreis. Alles was nie altyd maanskyn en rose nie. Dawid het in sy verhouding met God gegroei en uit ervaring geleer om op die Here te vertrou. Dit help ons om, nie net raak te sien dat die Here groot dinge deur Dawid gedoen het omdat hy geglo het nie. Maar ook iets te sien van die journey waarop Dawid met God was. Dalk help dit jou ook om vandag net te onthou dat jy op 'n reis saam met God is. Dat Hy met jou besig is. Dat Hy by jou is en dat Hy wil hê dat jy moet groei in jou geloof en vertroue in Hom.

**Gebed:** Sê vandag vir die Here dankie vir die feit dat Hy by jou is en vra Hom om jou aandag elke dag op sy teenwoordigheid te vestig.

**VRYDAG:** Lees Hebreërs 11:6. Vandag doen ons dit bietjie anders. Kry 'n plek waar jy bietjie kan stil wees en rustig raak. Lees die versie ten minste drie keer deur. Hardop as jy kan. En pause net bietjie tussen elke keer wat jy dit lees. As jy verskillende vertalings het om te lees is dit ook goed. Die eerste keer wat jy dit lees, luister net na die woorde. Die tweede keer, let op na wat val jou anders op. Dalk is dit 'n woord wat jy nie die eerste keer raak gehoor het nie, of dalk 'n spesifieke emosie of 'n prentjie. Wanneer jy dit 'n derde keer lees, vra die Here om jou aandag te vestig op 'n spesifieke woord, frase, beeld of gevoel wat spesifiek vir jou op hierdie dag, op hierdie oomblik sou uitstaan. Wat Hy graag wil hê jy moet hoor of sien. Dis okay as jy nie altyd voel hier het nou "iets gebeur" nie, maar dat jy jouself oopstel om te luister.

**Gebed:** Praat met die Here oor die vers wat jy gelees het en oor dit wat vir jou uitgestaan het en vra vir Hom om aan te hou om vir jou te wys wat dit beteken en hoe Hy wil hê jy daarop moet reageer.

